LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 39/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Hoeveel druk?

Psalm 119 begin met, “Dit gaan goed met dié wat onberispelik lewe, dié wat wandel volgens die woord van die Here.” Ons lees verder in vers 6, “As ek al u gebooie in ag neem, sal ek nooit raad-op wees nie.” In vers 9 lees ons ook, “Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord!” Net uit hierdie eerste paar verse uit Psalm 119 kry ons die antwoorde op baie van ons vrae. Die probleem wat baie van ons het is, ons weier om na goeie advies te luister. Ons dink ons weet altyd beter. Dis eenvoudig, leef volgens die wil van die Here, bly naby aan God, spandeer tyd saam met God. Hierin is daar veiligheid, hierin kan ek 'n lewe leef sonder vrees. Hierin weet ek ook ek kan staande bly. Dit is ons wens dat u as ouer dit sal verstaan en hierdie wonderlike waarheid aan u kinders sal leer.

## Goegieland

Baie dankie vir 'n heerlike en betekenisvolle tyd saam met ons Goegieland-maats. Hier is die belangrikste inligting vir die volgende paar weke:

**KLEUTERSKOOL KERSFEES:** Baie dankie vir elkeen se bydrae tot ons Kersfeesviering en vir die mooi, gepaste geskenke. Die maats het dit opreg geniet en dit was 'n liefdevolle afsluiting van die jaar.

**ASSESSERING VIR 2025:** Alle assesserings vir 2025 is nou afgehandel. Dankie vir u ondersteuning en samewerking gedurende die assesseringstyd. Dit het ons werk vergemaklik.

**AKADEMIESE JAARPROGRAM:** Die akademiese jaarprogram eindig op 26 November 2025. Daar sal egter toesig by die skool wees tot 10 Desember 2025, vir kinders wat dit benodig.

**RAPPORTE:** Rapporte word op Maandag, 8 Desember 2025 tussen 07:00 en 09:00 in die registerklasse uitgedeel. Ons vra asseblief dat ouers wag om klasgroepe te verlaat totdat alle administrasie afgehandel is. Klasindelings vir 2026 sal saam met die rapporte uitgestuur word.

Baie dankie vir 'n wonderlike akademiese jaar. Ons waardeer u betrokkenheid, samewerking en positiewe ondersteuning deur die kwartaal en die jaar.

Groete uit Goegieland

## Rapporte

Die einde is in sig en dit is nog net so bietjie vasbyt voor ons die einde van die eksamen bereik. Ons besef dit is nie altyd lekker om hierdie tyd van die jaar dissipline aan die dag te lê en te leer nie. Ons besef egter dit is wat goeie dissipline is, om steeds die taak te doen al wil ons nie altyd graag nie. Hierdie is ook 'n goeie toets vir ons karakter. Die met die sterker karakter sal kan volhard.

Rapporte word uitgedeel op 8 Desember 2025 en kinders kan rapporte by die klasonderwyser afhaal tussen 07:00 en 09:00.




## Week se Program

### 24 November 2025

- Eksamen: Gr. 4 NW
- Eksamen: Gr. 5 SW Gesk
- Eksamen: Gr. 6 Wiskunde
- Eksamen: Gr. 7 Wiskunde V2

### 25 November 2025

- Eksamen: Gr. 4 Wiskunde
- Eksamen: Gr. 5 PO
- Eksamen: Gr. 6 SW Gesk
- Eksamen: Gr. 7 SW Geo
- Eksamen: Gr. 7 PO

### 26 November 2025

- Eksamen: Gr. 7 Tegnologie

### 8 Desember 2025

- Rapporte afhaal - 07:00 tot 09:00

## Raporte Afhaal

**Datum: 8 Desember 2025**

**Tyd: 07:00 tot 09:00**



# Atletiek

Baie geluk aan ons atlete wat uitstekend gevaar het tydens Saterdag, 15 November 2025 se Sub Youth Trials te Secunda Stadion en podiumplekke behaal het. Baie geluk aan AJ van der Merwe en HW Meyer wat beide die rekord verbeter het vir die o/11S Turbo Spiesgooi.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Jeandre Oosthuizen | - | 2de | - | o/13S Gewigstoot |
| | - | 3de | - | o/13S Diskus |
| AJ vd Merwe | - | 1ste | - | o/11S Turbo Spiesgooi |
| HW Meyer | - | 2de | - | o/11S Turbo Spiesgooi |
| Adelein Pretorius | - | 3de | - | o/7D 400m |
| Mia-né Smit | - | 1ste | - | o/9D Turbo Spiesgooi |
| Mikayla Riekert | - | 2de | - | o/7D 80m |















LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr. Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**




| 24 Nov | 25 Nov | 26 Nov | 27 Nov | 28 Nov | 29 Nov | 30 Nov |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ethan Da Costa<br>Heyneke Paulsen | Jonathan Muller<br>Jason Hartzenberg | Austin Meades<br>Yvonne Viljoen | Lienkie vd Merwe | Brayden J v Vuren<br>Jané Engelbrecht<br>Branden Venter | | Esléné Scheffer<br>Nathan Erasmus<br>Aleah Ellis<br>Dinacry Kruger<br>Kian Mulder |
| **1 Des** | **2 Des** | **3 Des** | **4 Des** | **5 Des** | **6 Des** | **7 Des** |
| Nthabiseng Mamogale<br>Sebastian Harmse<br>Zayden Borstlap<br>Janco Kruger | Karli Mostert<br>Alara Langenhoven<br>Jordin Mare | | Zion v Rooyen<br>Léomarie Berry<br>Amoré Berry | | | |